Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 5, Nr 1, 1975. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# ) E STRYD TEEN DIE VOORPOST :
# 1–2 Februarie 1941 II

## Aanmars teen El Gumu

'n Studie van amptelike rapporte van 1 SA Divisie dui duidelik daarop dat, terwyl 2 SA Infanteriebrigadegroep teen die Italiaanse kratervoorpos, Gorai, opgeruk het, 5 SA Infanteriebrigadegroep sy aandag gevestig het op die waterpunt, El Gumu, iets meer as tien myl noordwes van Gorai. Verslae meld dat, soos in die voorafgaande artikel aangedui, die twee brigadegroepe op 1 Februarie 1941 aanmars totdat 'n bepaalde skeipunt bereik word, waar die tweede brigade regs geswenk het om sy doelwit Gorai te takel. Op die daaropvolgende geveg om Gorai, is in 'n vorige artikel gelet.

Die voorhoede aan die ander kant van 5 SAI Brigadegroep bestaan uit die eenheid 1 SA Irish, met 3 Transvaal Scottish as reserwe. Die koers wat die voorhoede inslaan, word uitgewerk onder meer aan die hand van lugverkenningsrapporte waaroor die brigadehoofkwartier beskik en wat hom in staat stel om te bepaal waar die vyandelike dorpie, El Gumu, geleë is, en hoe die vyandelike stellings aan die dorpie se suidekant daaruitsien. El Gumu is 5 SAIBG se eerste doelwit.


Peleton 1 van Pantserkarkompanie 1, onder lt L. G. Williamson, lei die aanmars, met die troeptrokke van 1 SA Irish, onder bevel van lt-kol John Dobbs, kort op hul hakke. Die eenheid se C Kompanie is bestem om die aanval te lei, indien dit nodig sou blyk om teen vyandelike voetsoldate op te tree. Volgens 5 SA Infanteriebrigadegroephoofkwartier se een rapport oor die aanmars kom die dorpie reeds teen 1300-uur in sig van die voorhoede. Dit word deur 'n doringdraadversperring beskut. Die voorste troeptrokke word vergesel van 'n subseksie van 5 Veldkompanie van die SA Geniekorps en van B Kompanie van 11 Veldambulans onder bevel van kapt L. Metzer.

## Die skermutseling ontbrand

Voor halfdrie loop lt Williamson se voorste pantserkarpeleton hom vas in 'n doringtakversperring wat bestaan uit onder meer afgekapte bome, gedek deur vyandelike skutters. Die SA Genie ruim die blokkade gou uit die weg. Om en by 'n myl suid van die dorpie ervaar die pantserkarre geweer- en masjiengeweervuur en kort voor 1600-uur word ook C Kompanie se voertuie vasgevang in hewige geweer- en masjiengeweervuur vanuit die verbergte en versteekte voorstellings naby El Gumu. Onmiddellik ontplooi die voetsoldate weerskante van die pad waarop die aanmars gebeur het. B Kompanie ruk regs op en C Kompanie lei die aanval.

Die patroon van Gorai herhaal homself hier in soverre as wat die twee seksies pantserkarre met mening op alle tekens van vyandelike weerstand afpeil. Die pantserkarre storm in uitgestrekte gelid met skreeuende sirenes en rasende oop uitlaatpype op die vyandelike masjiengeweerneste wat in loopgrawe voor El Gumu gevestig is, af. Die masjiengeweervuur berokken die pantserkarre geen skade nie en vertraag nie die aanval nie. Die Suid-Afrikaners monster so 'n oorwig van vuurkrag dat die vyandelike weerstand kort voor lank verkrummel, om dertien dooie plaaslike troepe en vyf gewondes agter te laat.

Toe die vyand sy voorste loopgrawe verlaat het en terugvlug na die digter beboude deel van El Gumu, agtervolg die pantserkarre onder bevel van sers C. W. Hallowes die vyand dadelik en onderneem 'n veeoperasie deur hierdie gehuggie wat blyk nie veel meer te wees as 'n vuil stowwerige dorpie wat deur die vyand gebruik is as 'n waterpunt tussen Gorai en die sterker voorpos verder ooswaarts, te wete Hobok nie. Die vyand word soseer die skrik op die lyf gejaag dat hulle met die bosagtige en klipperige paaie voet in die wind slaan, sommige weswaarts na Hobok en sommige noordooswaarts na Kunchurro. Vlugtende loop sommige van die plaaslike troepe hulle vas in 'n pantserkar onder beheer van lt L. G. Williamson, wat op bevel van maj Harry Klein gestuur is om die terugtog agter die dorpie te gaan afsny, die vyandelike aftog te verwar en uit mekaar te jaag. Hierin




**Voetsoldate van die eenheid 1 SA Irish beset die vyandelike loopgrawe tydens die inname van die dorpie El Gumu**

slaag hulle maklik. Omdat twee ander van die pantserkarre wat met 'n wye omvleuelingsbeweging gestuur is om die terugtog by te kom, tegnies die gees gee en onklaar raak, ontsnap sommige van die vyand wel.

Soos by Gorai was die artillerie gereed om tot aksie oor te gaan. Dit was egter onnodig. Die 9de Veldbattery sowel as die regterkantse seksie van die 3de Tenkafweerbattery was opgestel om die infanterie en pantserkarre te steun, maar dit het onnodig geblyk te wees.

## Die Suid-Afrikaners konsolideer

As gevolg van die snelle optrede van die pantserkarre tydens hul vuur op en veeoperasie deur die gehuggie, is die weg voorberei vir die SA Irish om die dorpie sonder verdere teenstand te beset en terselfdertyd 'n groepie krygsgevangenes bymekaar te skraap. Sktr A. D. Schleiss van B Kompanie is dodelik deur 'n geweerpatroon gewond.

Volgens 'n verslag deur 1 Brigadeseinkompanie is verbindings deur die loop van hierdie vinnige en onopspraakwekkende operasionele beweging, uitsluitlik deur radiokontak voorsien. 1 Brigadeseinkompanie onder bevel van kapt F. C. Slack het die pantserkarre en infanterie in onafgebroke verbinding gehou met brigadehoofkwartier. 'n Lopende kommentaar oor die gebeure is as gevolg van die puik verbindings deur die pantserkompaniehoofkwartier na brig B. F. Armstrong, bevelvoerder van 5 SA Infanteriebrigadegroep, herlei.

S sers Hallowes sowel as lt Williamson is hoog aangeprys vir hul hantering van die aanmars en skermutseling. Lt Williamson het later die Military Cross vir sy optrede ontvang. Na die skermutseling beset onderoffisiere en manskappe van die SA Irish die Italiaanse loopgrawe (sien die foto) en tydens verdere konsolidasie in die dorpie verken die troepe elke hoek en kant. Volgens inligtingsrapporte van 5 SA Infanteriebrigadegroep wat op 21

Desember 1940 saamgestel is, is beraam dat ongeveer tweehonderd plaaslike troepe onder Italiaanse gesag verdedigingstellings in die dorpie El Gumu ingerig het. Dit was nou duidelik dat heelwat van hulle voet in die wind geslaan het. Die oorblywende plaaslike troepe, wat na die slag verstom was oor hul onverwagte nederlaag en ietwat verward voorgekom het, word deur die pantserkarbemanning ondervra. Daarna word 'n kamp op die buiterand van die dorpie ingerig sodat enige moontlike teenaanvalle die hoof gebied kon word. Spesiale aandag word geskenk aan 'n doeltreffende dekking van die Kunchurropad aan die noordekant.

**Oorwinningsredes en tegniese lesse**

Die oorsake vir die Suid-Afrikaanse sukses is duidelik sigbaar: Die Springbokke het die klein vyandelike groepie op elke punt in die skadu gestel: getalsoorwig, doeltreffender organisasie, 'n buigsamer en meer diverse mag, veel hoër beweeglikheid, gesonde leierskap en vasberade soldate. Die vyand was nie net min nie — klein bendes of afdelings kan bitter weerstand bied as ander faktore in hul guns is — maar die Italiaanse leierskap het vir hulle geen helder en eenvoudige verdedigingsplan vir El Gumu uitgewerk nie, en hulle is nie van tydige inligting voorsien oor die aanmarsende Suid-Afrikaners nie.

Een rapport van die eenheid 3 Transvaal Scottish konstateer dat die eerste waarskuwing wat El Gumu van die naderende Suid-Afrikaanse magte gehad het, die stofwolke van die Suid-Afrikaanse konvooi was wat hulle in die verte gewaar het. Dit het hulle kans gegee slegs om 'n padblokkade op te stel.

Swak beheer is deur die vyand toegepas, en die belangrike terugtogbeginsel dat bevelvoerders die laaste moet wees om hul stellings te verlaat, is hier geheel en al geïgnoreer. Die vyand het sy front en flanke ongepatrolleer gelaat, kon nie skoon wegbreek van die Suid-Afrikaners nie weens laasgenoemde se mobiliteit, en is trouens gedwing om hulle aan 'n geveg te onttrek waarvan die uitslag ooglopend onsuksesvol was. Indien die Springbokke se agtervolging nie weens meganiese probleme half ontspoor het nie, sou die vlugtende vyand in 'n nog groter mate gevange geneem gewees het.

Die wyse waarop die pantserkarre tydens die geveg om Gorai en El Gumu hulself van hul taak gekwyt het, die wyse waarop hulle die weg gebaan het vir die infanteriste om te volg, en hul beweeglikheid binne die twee skermutselings, ontvang onmiddellik hoë lof. Lt-genl sir Alan Cunningham, bevelvoerder van die Oos-Afrikaanse Magte, skryf in sy rapport dat die vasberade optrede van die pantserkarre by Gorai en El Gumu op 1 Februarie die 2de en die 5de SA Infanteriebrigadegroepe ongetwyfeld baie verliese gespaar het. Hy beweer op 'n pessimistieser noot dat die digte boswêreld agtervolging in die wiele gery het en die twee brigades dus die laaste vrugte van 'n besondere dag se werksaamhede ontsê het.

Van belang is dat die pantserkarbemanning by El Gumu die les geleer het van hoe nadelig meganiese foute kan wees. In hierdie geval was dit regstreeks daarvoor verantwoordelik dat die terugtogafsnypoging half misluk het. Hieruit het noodwendig gevolg dat daar die nag ná die El Gumu-besetting weinig rus en ontspanning vir die pantserkarbemanning is. Die woeste opmars deur die bosse daardie dag het aansienlike skade aan die stuurtoestelle, vere en verkoelers aangerig en dit moes sorgsaam herstel word. Die volgende oggend, 2 Februarie, toe 5 SA Infanteriebrigadegroep wes swenk om die groter voorpos, Hobok, by te kom, is al 1 Pantserkompanie se voertuie egter gereed vir aksie.

Toe die son aan die einde van die Suid-Afrikaanse D-dag, 1 Februarie, agter die horison wegsak, het sowel die 2de as die 5de SA Infanteriebrigadegroepe hul doelwitte, onderskeidelik Gorai en El Gumu, reeds suksesvol beset. Die brigades hervul in die aand hul brandstof en herontplooi in hul onderskeie verdedigingstellings die nag, op so 'n wyse dat die opmars die volgende oggend spoedig voortgesit kan word.

**Ligte in die nag**

Intussen rig die infanteriste stellings in rondom die dorpie waaruit die vyand verdryf is. Verslae van 1 SA Irish dui daarop dat daar die nag enige iets verwag word en dat die troepe vinnig reageer op enige teken wat lyk soos 'n vyandelike teenaanval. Die wagte is besonder waaksaam. Om twee-uur die nag gewaar die Suid-Afrikaanse troepe in die pik-

donker 'n besonder lywige bewegende voertuig, wat met helder ligte aan al met die pad nader na die Suid-Afrikaanse verdedigingstellings beweeg. Sommige manne sien dit vir 'n vyandelike tenk aan. Ook word opgemerk dat die voertuig deur minstens een kleiner voertuig gevolg word. Vir 'n tydjie slaan die wagte die situasie met opgehoue asem gade. Die stilte word egter verbreek deur 'n skerp en harde bevel deur kapt Cockran van C Kompanie: "Fire on that!", waarop met gewere en Brenmasjiengewere die wagte onmiddellik op die naderende raaisel losbrand. Die verligte teiken bied aan die tenkafdeling sy eerste geleentheid om sy merk te maak, en hy vuur sy eerste skote op vyandelike grongebied. Die ligte van die voertuig gaan skielik dood en 'n ongemaklike stilte sak oor die El Gumu-kamp toe. Kpl Oliver van C Kompanie verlaat die kamp met 'n seksie van sy manne om te gaan ondersoek instel, en ontdek 'n groot tienton Italiaanse voorraadvoertuig, waarvan die masjien erg beskadig is deur die Suid-Afrikaanse tenkafweer. Een of twee hoogs verskrikte wit Italiaanse soldate en verskeie net so verbaasde swart troepe verlaat die trok haastig en gee so gou as moontlik oor. 'n Verslag van 1 SA Irish konstateer dat twee Italianers en sewe inboorlinge gevange geneem is, waarvan twee gewond is. 'n Verslag van die Transvaal Scottish stel die syfers nog hoër. 'n Pantserkarbevelvoerder skryf dat een Italianer en tien inboorlingtroepe gevang is. Die krygsgevangenes word sonder verwyl na die Suid-Afrikaanse tydelike basis geneem en vertel dat hulle voorraad en water vervoer het van Mega af na El Gumu. Die Suid-Afrikaners word weer eens getref deur die feit dat die Italiaanse militêre inligtingsdiens nog salig onbewus is van die Suid-Afrikaanse opmars en dat die mobiliteit en spoed waarmee op 1 Februarie teen Gorai en El Gumu opgeruk is, die vyand totaal onverwags gevang het.

## Aanmars teen Hobok

Die son was pas uit bo die dorre, effens beboste, Suid-Abessiniese streek, toe 1 Veldmagbataljon van 2 SA Infanteriebrigadegroep die besetters van El Gumu kom aflos sodat 5 SAIBG se hande kan loskom vir 'n groter doelwit: Hobok. Met 3 Transvaal Scottish as voorhoede en agtienpond- en tenkafweerkanonne ter ondersteuning, beweeg laasgenoemde brigadegroep spoedig weswaarts. Hobok is enersyds 'n strategies geleë waterpunt vir die Italiaanse magte in Abessinië en dek andersyds die een flank van die Gorai-El Gumu-Hobok-voorposlinie. Om die sterker Mega so gou as moontlik te takel, wil die 1 SA Divisiebevelvoerder, brig-genl G. E. Brink, eers Hobok buite aksie stel.

Voordat ons let op nadrukverskille in 'n paar rapporte oor die ondervindinge op 2 Februarie, een dag na die Suid-Afrikaanse D-dag, bekyk ons eers die basiese gebeure. Die aanmars word gelei deur pantserkarre met 3 Transvaal Scottish se een kompanie een kant van die grondpad na Hobok met 'n subseksie van 5 Veldkompanie van SA Geniekorps wat hom bystaan, en aan die ander kant van die pad twee ander kompanies en die res van die ingenieurs onder bevel van lt H J. Barker. Een seksie pantserkarre dek die linkerflank en een die regterflank van die voorhoede. Die bataljonhoofkwartier, vergesel van ondersteuningsdienswapens en twee pantserkarre, voer bevel oor die voorhoede van verder agter af, waar hulle tussen die ondersteuningskompanies beweeg. Nadat die voorhoedebataljon reeds sestien rustige myle agter die rug het en binne agt myl van die vyandelike doelwit is, om en by halftwaalf die oggend, word die regterflankkompanie deur 'n bosbrand nader pad toegedwing. Later sou in rapporte van 1 SA Divisie beweer word dat die brand doelbewus deur die vyand gestig is sodat hulle enersyds hul stellings by Hobok in groter gereedheid kan kry en andersyds sodat 'n moontlike terugtrekking na Obot en Banno georganiseer kan word.

## Lugverkenning van die omgewing

Tydens taktiese lugverkenningsmissies deur 40 Eskader wat op bevel van genl Brink uitgevoer is, is die strook van die Lugga Bulalskeur, noord van Hobok, ondersoek. Daar is vasgestel langs watter weë die vyand sou kon terugval wanneer hulle uit die suide of weste getakel word asook wat die wenslikheid is van 'n omvleueling uit die noorde. Weens die gebrokenheid van die terrein is laasgenoemde omvleuelingspoging afgewys en aanbeveel dat 'n aanmarsas suidwes van die vyandelike voorpos gevind word.

Tydens die aanmars los 40 Eskader-vliegtuie bomme in die omgewing van die vyandelike doelwit, waaruit met mening met masjienge-

were op die vliegtuie losgebrand word. Plaaslike troepe wat uit die skermutseling by El Gumu ontsnap het, het die vyand by Hobok teen hierdie tyd deeglik beïndruk met hul mededelings oor die aankomende Suid-Afrikaners en die noodsaaklikheid van sterk verdediging.

**'n Poging tot vertraging**

Behalwe deur middel van die bosbrand, probeer die vyand nou ook deur die oprigting van 'n vertragingstelling in die weg van die Suid-Afrikaanse brigades, om hul aanmars teen te werk. Ongeveer drieduisend tree van die hoof-Hobokstelling loop die Springbokke hulle vas in 'n padblokkade, gemaak van bome en doringstruike, wat gou deur die pantserkarre verbygesteek, en deur die ingenieurs van 5 Veldkompanie opgebreek word. Die genietroepe ontdek 'n vuurbom tussen die droé takke wat deur die vyand beplan is om die omgewing aan die brand te steek. Volgens 'n rapport deur 5 Veldkompanie is 'n bottel brandstof naamlik bo-op 'n lewendige Italiaanse handgranaat geplaas en sou by die geringste versteuring deur die aanmarsende troepe op die granaat beland sodat die ontploffing die padversperring en naby geleë bosse met vuur oorspoel.

Om tweeuur die warm middag verlaat die voorste kompanie 3 Transvaal Scottish-troepe hul voertuie en die ontplooiing van die magte neem 'n aanvang. Toe die vyand deur hul voorste verkenners van hierdie verwikkeling verwittig word, val al die beskikbare vyandelike troepe terug tot in hul voorbereide stellings, wat, volgens wat gevangenes later sou beweer, deur om en by agthonderd Banda onder blanke offisiere beman is.

**Van aanmars na artilleriebombardement**

Die oomblik toe Springboksoldate die hoogtetjie duskant die vyandelike stellings oorsteek, maak hulle kennis met swaar vyandelike geweervuur en kom dadelik agter dat die vyand nie alleeen veel getalsterker is as dié by El Gumu nie, maar veel meer vasbeslote om hul dorpie en vestings te verdedig. Dit word deur waarneming nou ook duidelik dat die vyand 'n sentrale klipblokhuis beman sowel as klipstellings teen die hoofkoppie. Die stellings is reeds voorheen per hand gegrawe en opgebou. Droë bosse groei teen die koppie, behalwe in die strook wat vóór die vyandelike stellings skoongemaak is. Militêre geboue staan op die heuwel en die burgerlike woongebied word deur 'n klipmuur omring. Diep slote (luggas) strek na links en regs oor die terrein uit en sluit aan by die groot Lugga Bulal wat veel wyer en dieper as die ander skeure is. Terwyl hulle deur vyandelike vuur vasgepen word, is hierdie die gesig wat die frontkompanie duskant Hobok in die oog kry.

Nou speel lt-kol W. H. Kirby, bevelvoerder van 3 Transvaal Scottish, vinnig. Hy verken dadelik die omgewing persoonlik, skuif daarna die mortiere en masjiengewere van sy infanterie-eenheid tot op die hoogtetjie waar die frontgeweerkompanie vasgepen lê, en ken teikens aan die artillerie toe in die beboude deel van Hobok. Nadat maj H. Greenwood sy 9 Veldbattery ongeveer tweeduisend tree suidoos van die vyandelike stellings opgestel het, tref die eerste kannonskote kwart voor drie die blokhuis en die verwante verdedigingstellings. Die vyand beantwoord die artillerievuur nie met teenartillerievuur nie — 'n stilswye wat daarop dui dat die vyand moontlik nié oor ondersteuningswapens beskik nie. Voorts brand ook 'n seksie van 3 Tenkafweerbattery van die artillerie op die sentrale blokhuis en die naby geleë masjiengeweerposisies los. Teen halfvier bombardeer die kanonne in alle erns. Die aanval het begin.

Twee onmiddellike gevolge is sigbaar. Eerstens word die hoek van die blokhuis oopgeskiet tot luidkeelse toejuiging van die reserweeenheid wat as toeskouers in die omgewing van 5 SAI Brigadegroephoofkwartier bo-op hul trokke geklouter sit om te sien wat gaan aan! Ander suksesse in die vernietiging van vyandelike stellings word waargeneem. Tweedens word stofwolke opgemerk wat uit die Lugga Bulal opstyg en by die Springbokkke die vermoede wek dat sommige van die vyand besig is om noordwaarts te trek. Om moontlike ontsnapping te stuit, wend die Suid-Afrikaners 'n poging aan om die terugtogroete met pantserkarre te bereik. Die diep slote maak die terrein egter dermate onbegaanbaar dat een pantserkar selfs onderstebo slaan en slegs met moeite weer deur die Ligte Hulpwerkwinkelseksie onder bevel van lt S. Chiappini op sy wiele staan gemaak word. Terselfdertyd brand vyandelike skutters ook op hierdie seksie los. Volgens 'n verslag deur 1 SA Divisiehoofkwartier moes die terugtogafsnypoging as onsuksesvol laat vaar word omdat die terrein noord van die stellings vir pantservoertuie bykans ontoeganklik was.

Die mortiervuur en artilleriebombardement word vervolgens aangevul deur vliegtuie van 40 Eskader wat teikens op die buiterand van die vyandelike area en die diep Lugga Bulalskeur met bomme asook vliegtuigmasjiengeweervuur bestook. Die vegmagte — pantserkarre en voetvolk — neem vir eers nie deel aan hierdie geveg nie en is tans nog buite aksie.

### H-uur breek aan

Ná deeglike beplanning word H-uur vir die voetsoldaataanval op halfvyf gestel. 1630. Stiptelik op hierdie oomblik tree 3 Transvaal Scottish te voorskyn uit hul lêplekke, beweeg af op die vyand, en hardloop hulle vas in hewige, maar vir hulle gelukkig swak geplaaste en gemikte, masjiengeweervuur, uit alle hoeke van die opgeboude vyandelike stellings. Die mortiere en tenkafweerseksies ontvang opnuut bevel om die vyand die stilswye op te lê. Die frontkompanie ruk op teen die vyandelike linkerflank met 'n seksie pantserkarre ter ondersteuning op sy eie linkerflank. Die konsentrasie van Suid-Afrikaanse ondersteuningsvuurkrag, bygereken by die skielike verskyning van die pantserkarre en die vasberadenheid waarmee die infanteriste op hulle begin afstorm, het onmiddellik 'n paraliserende en demoraliserende uitwerking op die vyand, wat die wankelmoedige blokhuis spoedig verlaat. Vyf pantserkarre onder bevel van lt A. W. Thompson het hulle in die diep skeur verberg en daar gewag totdat H-uur aanbreek, en storm tans ook op die vyandelike posisies af met die doel om te probeer om regs agterom die hoofstellings te beweeg. Toe die ander pantserkarre wat die voetsoldaataanval lei, onder lt Irwin, na die sentrale fort be-



**'n Deel van die puin van die sentrale blokhuis by Hobok waaruit vyandelike masjiengeweerskutters voortdurend op die aanvallende Suid-Afrikaners gevuur het. Die lyke van twee Italiaanse masjiengeweermanne is later onder hierdie kliphoop ontdek. Veral 'n tweepondtenkafweerkanon het sy deel meesterlik bygedra om wanorde in die rustige vyandelike blokhuis te saai en dit tot puin te omskep**

weeg, word hulle aan onophoudelike vyandelike vuur blootgestel. Hierdie vyandelike bravade lei tot 'n merkwaardige ongeluk. Lt J. D. W. Human sirkel juis op hierdie oomblik laag in sy Hartbeestvliegtuig oor die vyandelike neste en duik dadelik af om een masjiengeweerpos, wat sy vuur regstreeks op die genoemde pantserkarseksie konsentreer, te takel. Sy vliegtuig word egter deur vyandelike grondvuur getref en begin hoogte te verloor. Desnieteenstaande draai hy sy vliegtuig nog 'n maal om sodat sy boordskutter, v sers J. Jackson, nog 'n geleentheid kan kry om op die vyand te vuur. Op hierdie oomblik stol die vliegtuigmasjien en die vlieënier swaai weg en sweef afwaarts totdat hy 'n noodlanding uitvoer deur binne-in 'n bos te duik, agter die bataljonhoofkwartier. Vir hierdie sowel vernuftige as dapper optrede, ontvang lt Human later die Britse Distinguished Flying Cross (DFC) en v sers Jackson die eerste Britse Distinguished Flying Medal (DFM) wat aan 'n boordskutter van die SA Lugmag toegeken word.

**Infanterie-pantserkar-samewerking**

'n Ander seksie van drie pantserkarre onder bevel van s sers R. M. Brodigan nader die fort deur een sloot links daarvan en ontsê sodoende ook daardie gebied aan die vyand. Hierdie seksie tree op gelyktydig met die bestorming deur lt Irwin se pantserkarseksie van die sentrale fortifikasies. Terselfdertyd beweeg die Pantserkarkompaniehoofkwartier in die middel van sy onderskeie seksies geleidelik op teen die Hobokheuwel.

Hierdie aanval oor 'n paar duisend tree op die vyandelike doelwit vorder stadig maar seker, en na 'n halfuur, om vyfuur, is die infanterie so na aan die vyand dat die artillerie sy ondersteuningsbombardement slegs op enkele verder geleë punte kan volhou en alle nader bombardering moet opskort sodat hulle nie hul eie magte tref nie. As volgende stap skuur die voorste pantserkarre dwarsdeur die vyandelike doringdraadversperrings voor die stellings, en beweeg na die vyandelike bouwerke, terwyl die voetsoldate op die vyandelike flank toesak. Twee kompanies voer 'n stormloop uit terwyl 'n derde as reserwe in afwagting, spoedig vorentoe gebring word.

Toe die Springbokke die pantser deur die doringdraad volg — 3 Transvaal Scottish in aksie en 1 SA Irish as reserwe-eenheid verder agtertoe — reageer die vyand as volg: Die meerderheid laat hul poste in die steek en slaan voet in die wind, òp in die Lugga Bulal-skeur, in die rigting van Banno. Die uitsondering is 'n handjievol onverskrokke ongereelde inboorlingtroepe, wat as agterhoede van die vyandelike terugtog die Suid-Afrikaanse aanval nou alleen weerstaan.

'n Ongekoördineerde vyandelike teenaanvalletjie word vir 'n ruk teen die Suid-Afrikaanse linkerflank geloods en lt-kol Kirby skuif sy derde reserwekompanie soontoe en slaan dit maklik af. Teen hierdie tyd het die sentrale blokhuis reeds in Suid-Afrikaanse hande geval. Tydens die aanval word radioverbindings deur 1 Brigadeseinkompanie in stand gehou. Ook die geneeskundiges is teenwoordig. Omtrent 1 800 tree van die fort af staan 'n swaar seksie van A Kompanie van 11 Veldambulans onder bevel van maj M. Renton.


Vir hul dapper optrede tydens die geveg, ontvang lt Irwin spoedig daarna die Britse Military Cross en s sers Brodigan die Britse Military Medal.

Naas die ses vyandelike troepe wat volgens een verslag dood, twee wat gewond is, en 'n ander vyand wat later gevang word, beland 'n aansienlike hoeveelheid militêre toerusting en kleingeweerammunisie in Springbokhande. Twee lede van die eie magte is gewond, maar kan steeds bly diens doen. Een van hulle is kpl R. R. G. White, wat sy een oog verloor het. Sktr A. B. Cunningham van 3 Transvaal Scottish se C Kompanie is tydens die geveg dodelik in die bors gewond.

**Klemtone in amptelike rapporte**

Hierdie is die basiese gebeure. Kom ons let nou op bepaalde sake wat deur die onderskeie deelnemers se amptelike rapporte benadruk word.

Die infanterie-eenheid wat die aanmars gelei het, beskryf in een van sy rapporte die aanmarsorde van die magte nadat El Gumu verlaat is en onderstreep die posisie waarin die bataljonhoofkwartier en die ondersteuningsdienste beweeg, naamlik in die middel van die voorhoede, wat op die flanke uit die voetsoldaatkompanies saamgestel is en gelei word deur pantserkarre. Die agterhoede bestaan uit



**Een van die inligtingsoffisiere, 'n majoor, verbonde aan 5 SA Infanteriebrigadegroephoofkwartier, teken 'n sketsplan vir die beplande aanval op Hobok in die sand ter verduideliking aan die twee infanteriebataljonbevelvoerders. Die Springbokaanmars en -aanval is gekenmerk deur puik voorafbeplanning en leierskap**

die 1 SA Irish, wat by El Gumu deur 2 SA Infanteriebrigadegroep, ná laasgenoemde se sukses by Gorai, afgelos is.


3 Transvaal Scottish vertel ook hoe die aanmarsende eenhede om 0930 die oggend halt, enersyds sodat die manne kan rus, en andersyds sodat die pantserkarre 'n verkenning van die hoë grond verderaan kan onderneem.

Die verslagskrywer beweer dat die aanmarslyn weens die vyandelike brandstigting gewysig en na links geskuif moet word, en konstateer dat die vyand hierdeur daarin geslaag het om die Springbokke 'n volle uur te vertraag. Die tweede vertragingstegniek van die Hobokverdedigers, naamlik die reeds genoemde padversperring, word, volgens een amptelike rapport deur vyandelike vuur gedek. Toe die pantserkarre die masjiengeweerneste daar bestorm, vlug hulle en laat hul uitrusting net so agter. Naby die vyandelike doelwit — een verslag noem die syfer 3 000 tree — word die artillerie spoedig in posisie gebring, tweedens word die bataljonhoofkwartier ingerig, en derdens word die infanterie ontplooi. Die vyandelike vuur pen die infanteriste vas toe hulle dit nader as 2 000 tree van die sentrale fortifikasies waag en slaag ook daarin om die pantserkarre aan so 'n intense vuurkonsentrasie bloot te stel dat hulle moet terugval. Dit is in hierdie stadium dat die bevelvoerder eers 'n deeglike verkenning van die hele Hoboksituasie gedoen het voordat tot die aanval oorgegaan is. Die sentrale ronde heuwel was omring deur diep natuurlike slote Die bevelvoerder van 3 Transvaal Scottish besluit dat 'n aanval met twee infanteriekompanies op die vyandelike linkerflank gerig sal word terwyl die pantserkarre die vyand se regtervleuel sal bestorm en soveel as moontlik aandag op hulle vestig en van die voetsoldate aflei. Die hoofaanvalsmag sou die twee infanteriekompanies wees, met die ander kompanie in reserwe en ondersteun deur ondersteuningswapens, artillerie en die pantser-

karre. Die doel is om so 'n buigsame en diverse mag moontlik aan te wend en die vyand op meer as een punt gelyk te tak<!>.

## Twee vliegtuie bombardeer

Uit amptelike rapporte van die aanvalsbataljon kan afgelei word dat 40 Eskader reeds begin het om die Hobokstellings te bombardeer voordat die aanval van stapel gestuur word. Twee vliegtuie het hiervolgens aan die offensief deelgeneem en wel deur met onophoudelike duikbombardering en masjiengeweervuur die vyandelike posisies te bestook in die aangesig van intense kleingeweerlugafweervuur. Vir die opmerking deur die militêre historikus J. A. Brown dat nege Hartbeests aan die aanval deelgeneem het, kon geen redelike grond in enige rapporte gevind word nie. Soos reeds verduidelik, is een vliegtuig afgeskiet. 'n Reddingspatrollie uit die reserwekompanie is gestuur om die manne uit die wrak te red. Een ooggetuieverslag lui dat patrollielede die vlieënier en boordskutter by die wrak aangetref het besig om hewig, half skertsend, te argumenteer, terwyl laasgenoemde die vliegluitenant kritiseer omdat sy eie helm vol gate geskiet is!




**Op hierdie wyse bombardeer 'n Suid-Afrikaanse Hartbeest die stellings by Hobok voordat dit deur die vyand afgeskiet word**

Rapporte van 3 Transvaal Scottish onderskryf verder die feit dat die vyand se posisies puik verberg is, volmondig. Die vermomming en kamoeflering vloei perfek saam met die dorre agtergrond van die omgewing. Een verslagskrywer beweer dat die twee lugbemanningslede van 40 Eskader tydens die ontplooiing van die eie magte 'n geskrewe boodskap afgooi wat lui: "Geen vyand in sig. Waarvoor wag julle?" Die manne sou spoedig ontdek dat die vyand, hoewel buite sig, wel deeglik binne trefafstand was! Die twee lugmanne het hulle misgis.

## Geskreeu en geskerts

Op hierdie stadium word die voetsoldate steeds op die heuweltop vasgepen deur vyandelike vuur, wat min skade aanrig, maar dit tog onmoontlik maak om dadelik aan te

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 5, Nr 1, 1975. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



**Infanteriste van die eenheid 3 Transvaal Scottish span vir 'n oomblikkie teen 'n klipmuur by Hobok uit tydens die konsolidasie van die Suid-Afrikaanse posisie ná die suksesvolle stormloop teen hierdie voorpos**

val. Vir baie 3 Transvaal Scottish-nuwelinge is hierdie hul vuurdoop. In een verslaggie meld 'n deelnemer dat, terwyl die voetvolk hier vasgepen word, wagtende op aanvalsbevele, een jongman met 'n grief teen sy peletonsersant weens straf wat hom voor die aanval toegedien is, uitgevind het dat hy toevallig naby sy peletonleier dekking geneem het, en die geleentheid terdeë benut het om die offisier te versoek om vir 'n paar minute aandag aan hom te skenk sodat hy sy grief kon lug! Dieselfde verslaggie verwys na allerlei geskerts wat bo die masjiengeweervuur gehoor word. Iemand het byvoorbeeld uitgeroep: "Jy is 'n simpel vent, John. Vir weke lank skryf jy nooit huis toe nie. Jou mense sal bekommerd raak oor jou!", waarop die ene John terugroep: "Bekommerd oor my? Haaa! Nie helfte soveel soos ek op die oomblik oor myself bekommerd is nie!" In 'n ander gevegsektor waar 'n klein seksie die vyandelike vuur dapper beantwoord deur aanhoudend terug te skiet, word duidelik bo die geraas gehoor hoe die seksieleier vuurleidingsbevele uitskreeu, presies net soos dié wat voorheen in die opleidingskamp ingeoefen is.

Die reeds gemelde verlies is volgens 3 Transvaal Scottish se een rapport in hierdie stadium vóór die stormloop opgedoen deurdat die vyand sktr Cunningham dodelik gewond het.

## Kwelvuur en stormloop

Die ondersteuningsdienste dra kort voor lank met 'n pragvertoning hul deel tot hierdie offensief by. Eerstens slaag die mortiere daarin om verskeie vyandelike stellings die swye op te lê. Terselfdertyd bepaal die snelvuurkanonne (howitzers) die skootafstand na die sentrale vyandelike fortifikasies en begin dit bestook. Voorts maak die tenkafweerkanon sy gevaarlike stem hoorbaar by die sentrale blokhuis, wat sy aansprake nie kan weerstaan nie en wankelmoedig die uitweg van verbrokkeling kies.

Die aanvalseenheid se rapporte beweer dat die manne teen halfvyf gereed is vir die stormloop. Toe hulle uit hul teen hierdie tyd beter vermomde posisies uitspring, loop die Springbokinfanterie hulle onmiddellik vas in 'n groter volume vyandelike verset. Die vyand het dus nie gaan lê nie ten spyte van die onophoudelike Suid-Afrikaanse kwelvuur. Om hierdie vyandelike vuurkrag te onderskep, ontvang die mortiere en artillerie bevel om met groter erns op die Italiaanse verdedigingsposisies te konsentreer aangesien dit hoegenaamd nog nie geneutraliseer was nie. Hierdie vuur word spoedig aangevul deur 'n belangrike taktiese gebeurtenis: 'n pantserkarstormloop ondersteun deur infanterie wat veral die vyandelike linkerflank bestorm. Wat die ondersteuningsvuur alleen nie kon regkry nie, word nou veroorsaak deur die byvoeging daartoe van die vasberade pantserkar- en voetsoldaatstormloop en -vuur: baie vyandelike troepe val terug.

Eers bereik die pantserkarre en daarna die voetsoldate die Hobokbouwerke. Die een infanteriekompanie wat tydens die stormloop deur die ander twee, in reserwe gehou is, word vorentoe gebring om 'n ligte vyandelike teenaanval, wat die vyand skielik ná die inname van die fort, teen die Suid-Afrikaanse linkerflank van stapel gestuur het, te fnuik.

### Die lugafweerpeleton verleen bystand

Terwyl die aanval plaasvind, rapporteer 'n kompanie van 1 SA Irish by die 3 Transvaal Scottish-hoofkwartier en word die taak toegeken van voertuigbewaking, aangesien die voertuie pas voorheen opbeweeg is tot reg agter die lyn vanwaar die aanval van stapel gestuur is. Saam met twee peletons van die aanvalseenheid het hierdie SA Irish-kompanie na die slag die hele nag die voertuigpark bewaak.

Volgens een verslag word die regterflank van die aanvallers tydens die frontaanval deur besonder hewige vyandelike geweervuur bedreig. Die HK besef onmiddellik dat 'n vyandelike teenoffensief op hierdie flank die Springbokartillerieposisies in gevaar sou stel en stuur I Lugafweerpeleton sonder verwyl soontoe om hierdie punt met hul Brenmasjiengewere te dek. Dit was moontlik om die lugafweersubeenheid hiervoor aan te wend omdat die Italianers, ten spyte van hul betreklik naby geleë vliegvelde, nie van plan was om vliegtuie te gebruik om hierdie voorpos te beskerm nie. Vir laasgenoemde is die Italiaanse gebrekkige inligting sowel as hulle swak taktiese insig verantwoordelik. Deur die skuif van die Brens na die regterflank is die vyand die stilswye opgelê.

Nadat die sentrale vyandelike fortifikasies deur die pantserkarre en infanterie beset is, was die grootste meederheid van die vyand op die vlug. Soos reeds beweer, kon die terugtog nie afgesny word nie, weens die onbegaanbaarheid van die terrein. Om 1825 stuur lt-kol Kirby sy finale boodskap in Engels aan die brigadier: "Komplimente van kol Kirby. Ons is in besit van Hobok. Teenaanval het misluk. Alle transport moet na ons kom, sowel as reserwebataljon en toegevoegde troepe." Hiermee word die sukses beklink. Wanneer ons later let op die konsolidasie by Hobok, keer ons terug na amptelike verslae van die aanvalseenheid.

### Die rol van die pantserkarvuis

'n Sterk nadruk op die rol van die pantserkarre in die geveg, spreek uit rapporte van die pantserkarkompanies. Die aanmars van El Gumu af teen Hobok word gelei deur Peleton 2 van Pantserkarkompanie 1, onder bevel van lt R. J. T. Irwin. Die infanteriste volg kort op hul hakke. Maj H. Klein is in bevel van die drie swerwende pantserkarre wat die kompaniehoofkwartier uitmaak en hou noue verbindings in stand met lt-kol Kirby, die oorhoofse Hobokaanvalsmagbevelvoerder asook met al die ander pantservoertuie van Pantserkarkompanie 1, wat die flank- en agterhoedewagte vir die hele 5 SA Infanteriebrigadegroep uitmaak. Puik radioverbindings word deur die pantserkarre gehandhaaf. Die eerste vlak is dié tussen die voorste verkenningskarre en die Peleton 2-hoofkwartier. Die tweede vlak is van laasgenoemde na die pantserkarkompaniehoofkwartier. Derdens word rapporte oor die terreingesteldheid voor en die taktiese moontlikhede spoedig herlei na lt-kol Kirby en verder terug na brig Armstrong.

'n Pantserkargesaghebbende wat by die aanmars teen en geveg om Hobok teenwoordig was, sou daarna verklaar: "Vir die pantserkarre was die Hobokgeveg 'n byna perfekte handboekoefening."

Omdat die eerste skof van die aanmars in oop terrein afgelê word, met goeie sig, beweeg die leidende pantserkarseksie, die peletonhoofkwartier en die infanterievoertuie in die pad. Die oorblywende twee pantserkarseksies in die voorhoede verken na links en regs. Die pantserkarkompaniehoofkwartier bly, totdat die geveg ontbrand, by die bataljonhoofkwartier van 3 Transvaal Scottish. Die ander voertuie van die pantserkarkompanie sprei ver en wyd uit op beide flanke met die doel om enige skielike en onverwagte vyandelike bedreiging uit die suide of noorde te voorkom.

### Die pantserkarre stuur informasie

Pantserkarrapporte beskryf die terreinveranderinge noukeurig en meld dat die grond om en by drie myl duskant die doelwit veel meer gebroke en ongelyk word as wat dit aanvanklik was. Die bosse is digter. Die brand wat deur die vyand gestig is om die aanmars te vertraag, dwing ook die voorhoedepantserkarre nader na die pad toe. Laasgenoemde is die aanmarsas. Pantserkarverslae bevestig die reeds gemelde feite oor die padversperring, wat volgens hul bewering ongeveer twee myl duskant die Hobokfort teengekom is.

Ná die eerste kontak met die vyandelike verdedigers, neem die pantserkarre dekking in die dooie grond tussen die fort en die voorste diep sloot terwyl die pantserkarbevelvoerders noukeurige informasie oor die presiese aard van die vyandelike stellings per radio aan lt Irwin terugstuur, wat op sy beurt die inligting na lt-kol Kirby herlei. Laasgenoemde het in hierdie stadium sy hoofkwartier vir die gesamentlike gevegsmagte by maj Klein se bevelspantserkar ingerig.

Kenmerke van die Hobokvoorpos wat deur die pantserkarverslae benadruk word, is dat die sentrale fortifikasies op die rand van die Lugga Bulal-skeur gevestig is met die rug kante van die Dukkamunnaberge wat daaragter duidelik uitstaan. Die vyandelike getalsterkte word beraam op ongeveer agthonderd Banda onder wit Italiaanse offisiere.

Dit is van die begin af reeds duidelik en vanselfsprekend dat Hobok nie deur slegs die voetsoldate, of deur slegs die pantserkarre, of deur slegs artilleriebombardement aangepak sal word nie. Ook sou nie slegs op lugkrag staatgemaak word nie. 'n Gesamentlike mag word in die vooruitsig gestel. Die militêre historikus Klein het waarskynlik gelyk wanneer hy beweer dat die rusperiode ná die eerste kontak met die vyand, laasgenoemde meer selfvertroue gegee het. Nou ná die geveg is dit redelik duidelik dat die konsentrasie van mag deur die Springbokke so omvattend was, dat die vyand nie anders kon as om te vlug nie. Onbewus van die presiese sterkte van hul teenstanders, het die Suid-Afrikaanse bevelvoerders egter eers 'n deeglike aanval beplan deur alle moontlike faktore in ag te neem. Die rusperiode moes noodwendig by die vyand die indruk van onsekerheid by hul opponente gewek het. Op die ou end sou honderde weier om pad te gee en so lank as moontlik aanbly om hul vesting te verdedig. Die momentum van die Springbokaanval is nie slegs verslap nie, maar onderbreek.

In hierdie genoemde beplanningsperiode, ontplooi die infanterie na beter posisies, maar weens die aanhoudende vyandelike vuur moet alle bewegings omsigtig geskied. Die pantserkarre neem dekking in slote suid en oos van die fortifikasies.

Die probleme wat ondervind word toe gepoog word om die vyandelike aftog noordwaarts af te sny, spreek besonder helder uit die pantserkarrapporte. Die grond is in so 'n mate deurkruis met diep slote dat die afsnydingstaktiek laat vaar word. Ook die besonderhede oor die herwinning van die omgeslane pantservoertuig, word bespreek.

### Die toeval speel 'n rol

Interessant is die feit dat pantserkarrapporte nie van twéé vliegtuie van 40 Eskader melding maak nie, maar slegs van één Hartbeest, wat 25-pond- en anti-personeel-bomme afgooi en die vyand met hul masjiengeweer uit die lug bestook.

Een pantserkarseksie van vyf voertuie onder lt Irwin en 'n ander seksie van drie onder lt A. W. Thompson gaan die eerste sloot binne en beweeg onder dekking daarin tot regs van die fort, waar hulle skuil totdat die infanterieaanval begin. Drie pantserkarre onder sers R. M. Brodegan beweeg op in die rigting van die vyand se linkerflank en wag om ook hul stormloop met dié van die voetsoldate te koördineer. Die drie pantserkarkompaniehoofkwartiervoertuie kom in gereedheid om

storm wanneer H-uur 1630 aanbreek. Om 1615 is hierdie pantserkarsubeenhede in posisie.

Hier eis die friction de guerre sy tol skielik en toevallig deurdat die meeste pantserkarradiobatterye so uitgeput was dat hulle slegs die afmarsbevel kan herlei. Op die takties mees belangrike oomblik, net voor die aanval van stapel sou loop, sak grafstilte oor byna die hele pantserkarkommunikasienetwerk toe! Die bevele is op hierdie stadium gelukkig egter reeds in besonderhede oorgedra.

Toe die artillerie met mening om H-uur losbrand, lui hulle die finale geveg om Hobok in. Die pantserkarre beweeg agter die slootdekking uit en trek onmiddellik gekonsentreerde vyandelike vuur uit alle gewere en masjiengewere wat hulle in die korrel kan kry. Gekwel en verbaas oor hierdie skielike skrikwekkende vuurkonsentrasie op hulle, handel lt Irwin op eie inisiatief deur nie te wag vir die voetsoldate om hul stormloop verder te voer nie, en vir sy peletonkarre te laat weet om onmiddellik na hul voorafbepaalde doelwitte op te ruk.

So haastig is die pantserkarre dat hulle inbeweeg in die teikenveld van die artillerie, wie se batterybevelvoerder hoogs ontstoke sy vuur moet staak. Die pantserkarbemanning rig hul masjiengewere op die Banda-inboorlingtroepe oral waar dié waag om agter hul dekking en stellings op te kom. Sommige toon tekens dat hulle op die pantserkarre wil afstorm, maar die vuur is te hewig vir sulke domastrantheid. Intussen gaan die infanteriestormloop voort.

## Die hoofdoelwit word verower

Vervolgens meld rapporte dat lt Thompson met sy pantserkarseksie na regs swenk om die vyand wat uit die fort vlug, af te sny. Nadat die ergste vyandelike vuurweerstand geneutraliseer is, peil lt Irwin se seksie op die sentrale fortifikasies af, omvleuel dit en dring dit binne! Intussen sluit s sers Brodigan van die linkerkant van die fort af op. Die vyand is nou in so 'n mate uitmekaar gejaag dat die pantserkarkompaniehoofkwartier geleentheid kry om in die pad op te beweeg. Die medaljes wat lt Irwin en s sers Brodigan vir hulle deurslaggewende vernuf sou ontvang, is reeds genoem.

Hierna maneuver die pantserkarre oral rond in die omgewing van die fort. Onder leiding van maj Klein word die pantserkarre heringedeel en 'n vee-operasie links en regs van die fortifikasies uitgevoer. Daar word voor die voet geskiet na enige tekens van vyandelike beweging. Op die ou end val die vyand almal terug in die vallei aan die agterkant van die Hobokvesting, waar hulle 'n lopende geveg aan die gang bly hou deur op die Suid-Afrikaanse troepe en pantserkarre te bly vuur.

Om hul oorwinning te bewys, neem twee pantserkarre bo-op die Hobokheuwel stelling in, soos twee uile op 'n kluit, en bespied die omgewing. Hul teenwoordigheid ten spyt bly vuur die oorblywende vyandelike troepe op die Suid-Afrikaanse magte, wat nou die hele dorpie beset, en herhaaldelike vee-operasies moet uitgevoer word om die gebied van vyand te suiwer deur die laastes te verdryf. Hierna word die pantserkarre op enkele strategiese punte geplaas totdat die infanteriewagte van hulle kan oorneem.

'n Seksie pantserkarre word teen skemer in die vallei agter Hobok afgestuur om die vyandelike troepe wat in die rigting van El Dima terugval, te agtervolg. Weens die toenemende hinderlaaggevaar wat die toesakkende duisternis meebring, keer die karre later noodgedwonge terug en hou wag oor die ingenieurs wat die waterputte, wat laer as die fort geleë is, skoonmaak en herstel.

## Gewondes en gesneuweldes

Twee pantserkarbemanningslede is in die skermutseling gewond, waarvan een, kpl R. R. G. White, later die sig in een oog verloor, as gevolg van die koeëlskerfies wat in sy voertuig in gespat het.

Ook pantserkarrapporte sit die ongeluk uiteen waarin lt J. D. W. Human met sy Hartbeest beland het toe hy laag geduik het om 'n vyandelike masjiengeweernes te bestook, laasgenoemde wat sy vuur konsentreer op een pantserkar.

Hoewel min vyandelike gewondes en dooies by Hobok gevind word, vertel die vele bloedvlekke en bloeddeurweekte vodde in die klipskanse en in die fortgebied van die vyandelike verliese wat opgedoen is. Enkele weke later, tydens die verowering van Yavello, sou

verneem word dat die Italianers die gerug onder die plaaslike troepe versprei het, dat die Suid-Afrikaners die vyande wat gewond of dood is, altyd opeet! As gevolg hiervan het die Banda 'n punt daarvan gemaak om hul verliese met hulle saam weg te neem. By Gorai kon hulle egter moeilik hierin slaag weens die spoed van die omvleuelingsbeweging. 'n Italiaanse offisier wat by Yavello gevange geneem is, sou verklaar dat die vyand tydens die gevegte om die voorposte Gorai, El Gumu en Hobok, etlike honderde aan gewondes en dooies verloor het. Saam met die twee skermutselings by El Yibo en Banno is die syfer op driehonderd geraam.

**Die bydrae van die pantserkarre**

Maj H. Klein se rapport oor die pantserkaroptrede by Hobok loof "die moed en waagsaamheid wat alle offisiere en manskappe openbaar het . . . en die besondere wyse waarop alle range in ooreenstemming met hul opleiding hul take verrig het". In sy verslag verwys maj Klein ook na die gevaar van artilleriebombardering waaraan die pantserkarre blootgestel is, omdat hulle nie gewaarsku kon word teen die kanonvuur nie aangesien hul radioverbindings ingegee het. Voorts onderstreep hy in sy rapport die groot waarde van samewerking tussen die leër en die lugmag en stel voor dat 'n poging aangewend word om die vliegtuie deur middel van 'n radio met die voorste pantserkar te verbind. Laasgenoemde verbindings is tans 'n vanselfsprekende praktyk.

Dit is duidelik dat die pantserrapporte 'n besonder sterk nadruk plaas op die rol wat die pantserkarre in die geveg om Hobok gespeel het en die optrede van die twee infanterieaanvalskompanies van 3 Transvaal Scottish ongelukkig bykans ignoreer. Dat die pantserkarre egter 'n puik bydrae tot die verowering van die voorpos gelewer het, kan met sekerheid aanvaar word.

Voordat ons enkele taktiese verskynsels aanraak, let ons op nog 'n paar feite wat deur ander bekombare rapporte verskaf word. Een verslag konstateer dat om en by 'n halfdosyn van die vyand ná die geveg dood in hul verdedigingstellings aangetref is. Die meeste is deur vliegtuigbomme of infanteriemortiere getref. 'n Getalleverswakte agterhoede van troepe is deur die aftogblasers agtergelaat om die fort so lank as moontlik te hou en het toegewy en dapper probeer vasbyt solank hulle kon. Alle gewondes word saamgeneem en geen een val in Suid-Afrikaanse hande nie. Anders as die een inligtingsrapport van 5 SA Infanteriebrigadegroephoofkwartier wat op 19 Desember 1940 beraam het dat daar moontlik tweehonderd troepe by Hobok gestasioneer was asook moontlik ander magte, beweer hierdie bogenoemde verslag dat die verdedigingswerke aanvanklik deur agthonderd man beman is, wat later tot vierhonderd uitgedun word. Ook hierdie laaste paar honderd ontruim tydens die finale pantserkarstormloop hul stellings en val terug in die algemene rigting van Banno. Hoewel sommige 'n lopende geveg met die Springbokke probeer volhou het, sou vegpatrollies die daaropvolgende dae tot die konklusie kom dat die grootste meerderheid van die vyand so vinnig as moontlik ooswaarts en noordwaarts gevlug het.

'n Ander rapport, opgestel deur 'n pantserkarbevelvoerder, onderstreep die sentrale rol wat die pantserkarre in Suid-Abessinië tydens aanvalle op Italiaanse voorposte gespeel het. Hy beweer dat die karre, omdat die landstreek, behalwe in sommige gevalle, redelik gelyk was, maklik en mobiel kon maneuver. Die voetsoldate het dan in hul spore gevolg. Die gevolg hiervan is dat die pantserkarre telkens (soos by Hobok) die hewigste vyandelike vuur getrek het, en sodoende die infanterieverliese laag gehou het. Hierby voeg die bevelvoerder dat die posisie sou verander in Noord-Abessinië, waar die terreingesteldheid so bergagtig was dat die infanterie die spit van verkenning en aanval veel harder moes afbyt omdat die pantserkarre hoofsaaklik tot die paaie beperk was. Hy beklemtoon ook die demoraliserende uitwerking wat die pantserkarre op die vyand, en meer bepaald op die plaaslike troepe gehad het. Die afstormende pantser met die swaaiende radiolugdrade het soveel vrees ingeboesem dat dit gedoop is tot "garri kifarru", wat beteken: renosterkarre — 'n feit wat ook van belang is vir 'n begrip van die vyand se reaksie by Hobok.

**Diversiteit van vegkorpse**

Hoewel die leërafdelings hul eie rapporte oor die gevegte opgestel het, blyk dit tog uit sommige verslae watter rol gesamentlike optrede van vegkorpse gespeel het, enersyds



**Gelukkige, glimlaggende Suid-Afrikaanse soldate stap uit by die hek van die Hobokfortifikasie 'n paar uur ná hul doelgerigte besettng deur middel van verskeie dienswapens en korpse van hierdie belangrike Italiaanse buitepos**

in die versekering van buigsaamheid teen die vyand, en andersyds in die moontlikmaak van 'n konsentrasie van hoogs diverse dienswapens op vyandelike doelwitte. Veral waar die vyand self eensydig was in sy opleiding, voorbereiding en toerusting vir oorlog, het die verskeidenheid van middele waarmee die Springbokke hom getakel het spoedig verwarring gesaai.

Hierdie diversiteit spreek ook uit die beplanning vir die Hobokgeveg. Lt-kol Kirby se infanterieeenheid, 3 Transvaal Scottish, sou die aanval doen, ondersteun deur 'n peleton van nege pantserkarre, 'n seskanonbattery van ligte veldhowitzers, twee tweepondtenkafweerkanonne, 'n afdeling genietroepe en 'n veldambulansseksie, met die bevelsgroep regstreeks aan hom as aanvalsbevelvoerder verantwoordelik.

Dit blyk dat die presiese aantal vyandelike verliese onbepaalbaar is omdat elke rapport die syfers anders aandui. Anders as sommige genoemde rapporte konstateer die amptelike verslag van 5 SA Infanteriebrigadegroephoofkwartier kategories dat uiteindelik ontdek is dat vierhonderd vyand by Hobok gewond of gedood is. 'n Ander feit wat uit die verslag na vore kom, is dat die brigadegroephoofkwartier etlike myl van Hobok was tydens die geveg en vier myl daarvan oornag het. Die oggend van 3 Februarie, toe konsolidasie by Hobok reeds fluks gevorder het, het die HK opbeweeg, die Hobokgebied binnegekom en is in die suidoostelike hoek gevestig.

## Reserwespelers op die kantlyn

Die reserwe-eenheid, 1 SA Irish, wat die vorige dag El Gumu beset het, het die geveg om Hobok heel interessant gevind. In een rapport vertel die eenheid dat sy lede in staat was om die geveg van naby te beskou sonder om self bedreig te word. Die manne klouter bo-op die dakke van die troeptrokke en hou die maneuvers van die pantserkarre, die lugbom-

bardering, die masjiengeweeraanvalle, en die verwoestande ontploffing van artilleriebomme met die swart rook wat dit veroorsaak, nie alleen fyn dop nie, maar moedig dit met ondersteuning aan! 'n Rapport van 1 Brigadeseinkompanie bevestig die opwinding wat tydens die geveg geheers het en beweer dat die reserwe elke beweging van die aanvalsmag toegejuig het. Een troep skree tydens die oplaaiende spanning aan 'n ou voor hom: "Sit hier voor my! Hoe verwag jy moet ek sien?" Die genoemde SA Irish-verslag verklaar dat groot opwinding geheers het toe die een Suid-Afrikaanse vliegtuig sy bommedrag oorboord gegooi het nadat dit deur kleingeweervuur getref is en toe 'n noodlanding in die bosse moes uitvoer. Een kommentator beweer die toneel het hom herinner aan 'n internasionale rugbywedstryd met 1 SA Irish op die groot pawiljoen!

**Verbindings word gehandhaaf**

Uit die rapporte van seinsubeenhede blyk dit dat 1 Brigadeseinkompanie afgedeel is na 5 SAI Brigadegroep, vir wie hy en sy subeenhede doeltreffende kommunikasie moontlik gemaak het tydens die aanmars van Marsabit af, oor Dukana, en gedurende die skermutseling by El Gumu en die geveg om Hobok. 3 Brigadeseinkompanie het verbindings aan 2 SAIBG voorsien onder meer vir hul geveg om Gorai, asook vir verskeie patrolliebedrywighede. Weens die moeilik begaanbare landstreek en die afwesigheid van ordentlike paaie moes albei hierdie seinkompanies uitsluitlik staatmaak op radio as kommunikasietegniek. Tydens die geveg om Gorai en dié om Hobok is egter nie slegs radio's nie, maar ook telefoonverbindings, gebruik. Seinrapporte toon aan dat radiostilte, wanneer daar 'n moontlikheid bestaan het dat die vyand kon inskakel, gehandhaaf is. Dit is verbreek sodra kontak met die vyand gemaak is en dan kon informasie terugwaarts na die hoofkwartiere en bevele voorwaarts na die front per lug gestuur word. Aanvanklik is albei operasionele brigadegroepe op dieselfde net aan 1 SA Divisiehoofkwartier verbind, maar weens die geweldig omvangryke verkeer in kodeboodskappe, is die stelsel gewysig en 'n afsonderlike skakel tussen elkeen van die twee brigadegroepe en Divisiehoofkwartier bewerkstellig. Die seinprobleme wat tydens die geveg om Hobok pantserkarverbindings in die wiele gery het, het hoofsaaklik uit oorwerkte batterye gespruit, en weens die deeglike voorafbeplanning geen ontsporende uitwerking op die verloop van die stormloop uitgeoefen nie.

**Taktiese verskynsels: Bevel, verdediging en terugtog**

Die redes vir die Suid-Afrikaanse sukses kan slegs na vore tree indien ons die informasie in hierdie rapporte in duideliker taktiese perspektief plaas: Eerstens val dit 'n onpartydge waarnemer onmiddellik op dat die vyandelike voorposbevelstruktuur ongeorganiseerd was. Die Italiaanse hoofbevelvoerder in hierdie gebied het reeds vóór die geveg om Hobok voet in die wind geslaan. Hierteenoor was die Springbokbevelsgroep onder lt-kol Kirby op 'n vaste grondslag georganiseer, gereed vir enige voorstelbare gebeurlikheid. Die bevelvoerder, sy ondergeskikte subeenheidbevelvoerders, en sy seinpersoneel was vasberade om in hul sending te slaag. As gevolg hiervan kon die Springbokbevelsgroep sy mondelinge orders wat voor die geveg gegee is, daartydens met sinvolle kitsorders opvolg, bewus dat die manne weet wat aangaan.

Die vyand het maandelank tyd gehad om sy oorwoë verdedigingstellings vir die groot dag in orde te kry. Dat die Hobokvesting grond van taktiese belang was, tel in vyandelike guns. Enige aanvaller móés Hobok takel indien hy sy septer in Suid-Abessinië wou swaai. Maar min klem is op rondomverdediging gelê, met gevolg dat die Springbokke sommige punte onverdedig gevind het. Weens die gebrekkige bevelstruktuur van die vyand is slegs 'n half deurdagte teenaanval beplan, wat gedoem was om te misluk. Voorts het die vyand, soos by Gorai, min besef getoon van die belangrike beginsel dat elke verdedigingstelsel in diepte georganiseer moet word. 'n Reserwemag móét normaalweg agtergehou en later vorentoe gebring word om die aanvallers se deurbraakpoging af te slaan. Pleks hiervan is al die vyandelike troepe by Gorai en Hobok in die stryd gewerp. Die Hobokbeskermers het wel 'n tipe verdedigingsvuur plan ontwerp, en het hul bes gedoen om met infanteriegewere en -masjiengewere die aanvallers af te slaan. Sy vuurplan is deur die vyand self ondermyn deurdat heelwat troepe gevlug het. Dit het gapings in die linie gelaat.

Die vyandelike terugtog was nie 'n beplande maneuver om òf elders diens te gaan doen en die vyandelike front te versterk nie, òf die Springbokke in 'n gevaarlike posisie in te lok nie. Dit was 'n onttrekking uit 'n mislukte geveg. 'n Aftog. Hierbenewens het die vyand byna al die beginsels van 'n doeltreffende terugtog verontagsaam. Slegs 'n klein bende dapperes het aggressief aangebly om die aftog te dek. Goeie beheer het geskitter in sy eie afwesigheid. Geen duidelike tydreëlings het die aftog sistematies gemaak nie. Geen telpunte is ingestel nie. Die terugtog het nie onder dekking van geheimhouding en met verrassing geskied nie. Die peil van dissipline was net so laag soos dié van die moreel. En die terugtrekkende vyand het op 'n kinderagtige manier bly vuur op die Springbokke, nie besef dat hiermee niks bereik kan word, en het gevolglik nie skoon weggebreek nie. Die ongeorganiseerde aftog was die kroon op die vyand se voorafgaande onsuksesvolle geveg.

**Die Springbokaanmars en -aanval**

Die doel van die Suid-Afrikaanse aanmars was om kontak met die vyand te maak. Nadruk is gelê op snelheid van beweging. Hierdeur is die vyand by El Gumu en die volgende dag by Hobok 'n minimum voorbereidingstyd gegun. Die Springbokke het die momentum van hul voorwaartse beweging bly handhaaf deur die ligte weerstand by die padversperring onmiddellik die nek in te slaan. Verkenning is oor 'n uitgestrekte front gedoen en die pantserkarre het die terreininformasie terugwaarts herlei. Hierdeur is voorts ook voorkom dat blindelings in die vyand vasgeloop word. Doeltreffende beheer is tydens die aanmars op 2 Februarie gehandhaaf net soos die vorige dag toe Gorai en El Gumu genader is.

Nadat aanraking met die vyand gemaak is, het die Springbokke getalm, en dit eers goedgedink om deeglik te beplan. Volgens een rapport is hierdie huiwering en rus deur die vyand as onsekerheid vertolk en het dit hulle moed gegee. Die eie magte het die aanval vanaf H-uur egter byna so noukeurig en doelgerig soos 'n handleidingoefening uitgevoer: Die aanval was deels oorwoë, deels vinnig, en het mobiel en suksesvol gevorder ná H-uur. Die mag was in diepte georganiseer met reserwe-eenhede en -subeenhede waar nodig, het die maksimum vuursteun ingesluit, het in vaart nie een oomblik verslap nie en het die doelwit stormenderhand verower. Subeenhede het hul spesifieke subeenheidspligte begryp en dit uitgevoer. Die vuurplan het enersyds vuurkonsentrasie op belangrike teikens neergebring, en andersyds gewissel om aan te pas by die punte van felste vyandelike teenstand of by die beweging van die eie magte. Laasgenoemde het byvoorbeeld gebeur toe die voorste pantserkarseksie die sentrale fortifikasies bestorm het en artillerievuur in daardie omgewing moes staak.

Tydens konsolidasie het die Springbokinfanterie en -pantserkarre vinnig opbeweeg en die hele Hobok beset. Die dorpie is geherorganiseer vir 'n moontlike vyandelike teenaanval. Verbindings tussen die onderskeie stellings en hoofkwartiere is op 'n nog gesonder grondslag geplaas, en met administratiewe reëlings rakende ammunisie, gewondes, siekes, verdedigingsvuurtake vir die infanterie, oprigting van luisterposte en inrigting van hoofkwartiere, is begin. Op 3 Februarie is die uitstuur van vegpatrollies volstoom aangepak.

**Artillerievuur, pantserkarre en lugsteun**

Die artillerie- en mortierbombardement waaraan die Hobokfortifikasies reeds voor H-uur en ook daarná onderwerp is, het regstreeks daartoe bygedra dat die vyand vlug. Materiële skade is spoedig aan die stellings, mure en uitrusting aangerig en troepe gedood en gewond. Die ontploffende bomme het takties doeltreffende bewegings deur die vyand verhinder, en ook die doeltreffende aanwending van die beskikbare wapens in die wiele gery. Verwarring het toegeneem en die vyand se wil om te veg ondermyn en ten slotte gebreek. Gedemoraliseerd het al meer padgegee. Soos dit uit die gebeure blyk, het die Springbokke aanvanklik voorbombardement op Hobok neergebring en sodoende sy weerstand aangetas. Tydens die stormloop ná H-uur is dekkingsvuur aan eie troepe verleen. Deurentyd is kwelvuur op die vyandelike stellings gerig en doelgerig vyandelike troepeverskuiwings téén die Springbokstormloop so goed moontlik voorkom. Bombardement is op elke sigbare vyandelike bouwerk gekonsentreer.

Tydens die aanmars was die pantserkarre die hoofverkenners, en het die voorhoede gelei. Die beweeglikheid van die pantserkarvuis was een van die nuttigste bates van die eie magte en kon vyandelike weerstand bykom

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 5, Nr 1, 1975. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



**Oor 'n koppie stomende koffie bespreek 'n trotse brig B. F. Armstrong, bevelvoerder van 5 SA Infanteriebrigadegroep, die oorwinning van die Sprnigboksoldate in die geveg om Hobok met ander sleutelfigure. Aan sy regterkant staan lt-kol W. H. Kirby bevelvoerder van die aanvalseenheid 3 Transvaal Scottish en ander toegevoegde subeenhede, en links van hom, met gevoude arms, maj Harry Klein, wat oor die doeltreffende pantserkaroffensief bevel gevoer het**

waar dit ook al geopenbaar is. Die karre het vinnig beweeg en tussen die vyandelike vestings ingestorm. Die spoed van die karre, wat beskerming teen kleingeweervuur en bomskerwe bied, het die plaaslike troepe geskok.

Die omvang van die noue lugsteun wat 40 Eskader aan 5 SA Infanteriebrigadegroep gelewer het, was gering, en tog 'n noodsaaklike faset van die geveg. Die lugmag het die vyandelike landmagte geteister en hulle gedwing om 'n gedeelte van hul vuur as lugafweer aan te wend in 'n poging om die Hartbeest uit die weg te ruim — 'n poging waarin hulle ook geslaag het. Voordat hul eie landmagte nog in staat was om met hul grond-tot-grondwapentuig die Hobokverdedigers aan te raak, kon die lugmag die vyandelike voorbereidings beduiwel. Weens gebrek aan radiokommunikasiekanale tussen die vliegtuigluitenant en die grondmagbevelvoerders, kon geen onmiddellike noue lugsteun gelewer word nie en is slegs van voorafbeplande noue lugsteun gebruik gemaak. Die lugbombardering en lugmasjiengeweerbestoking is vaardig en deskundig uitgevoer en die twee lugbemanningslede is tereg beloon vir hul suksesvolle optrede en dapper reaksie toe hul lugkrygsvlug onderbreek is.

**Ander taktiese verskynsels**

Ander takties verwante fenomene wat hier gemeld kan word, is onder meer die volgende: Die Italianers het hul Hoboktroepe klaarblyklik nie die nodige opleiding gegee in teenindringingoptrede nie. Geen gekoördineerde troepebewegings is uitgevoer om die inval van die Springbokke tussen sy verdedigingsteunkringe te stuit nie.

Die samesmelting van die Suid-Afrikaanse infanterie en pantserkarre is deur pap radiobatterye in 'n mate gedwarsboom.

Die Springbokagtervolging het misluk as gevolg van die terreinonbegaanbaarheid. Moontlik kon hierdie oogmerk verwesenlik geword het indien die omgewing vooraf deegliker verken is.

Pleks van mobiele verdediging, ook genoem verdediging in diepte, het die Hoboktroepe kordonverdediging beoefen, bykans alle troepe gelykmatig oor 'n linieêre front versprei, en slegs enkele stellings in diepte ingerig. Geen reserwe is sentraal agter die voorste verdedigingstellings beskikbaar gehou om vyandelike deurbrake af te slaan nie. Wanneer sulke onbuigsame stellings teen 'n beweeglike mag, soos die Springbokke was, te staan kom, volg 'n aftog byna vanselfsprekend. Daar kan sonder teenspraak beweer word dat die vyand sy agthonderd man nie ekonomies aangewend het nie, dat te min van sy manne 'n volwaardige rol in die geveg gespeel het, en dat hierdie wanbesteding, wat nie slegs deur taktiese onkunde nie, maar ook deur vrees, gemotiveer is, direk tot sy nederlaag bygedra het. Die Suid-Afrikaners sou nie lank hierna nie in Noord-Afrika ontdek tot watter prestasie agthonderd georganiseerde en gemotiveerde vyande in staat was. Van die stadium af toe dekkingstroepe voor die verdedigingstellings ontplooi is om oor die Springbokaanmars te rapporteer, tot met die aftog na die noorde, spring die vyand se ongeorganiseerde, onsekere en leierlose gedrag in die oog. Herhaaldelik kom ons agter dat 'n getalsterk mag wat deur amptelike verslae op honderde beraam is, selfs op agthonderd, al hoe meer 'n toonbeeld van operasionele onbeholpenheid word.

## Goeie bevel en beheer

Die Springbokke het gesnap dat verberging, vermomming en dekking sleutelbeginsels is voordat die geveg aangeknoop kon word: die infanteriste het agter bossies en teen 'n agterhelling weggekruip, en die pantserkarre het hulle in die slote versteek.

Dat die pantserkarre nie gewag het totdat die infanteriestormloop volkome op dreef gekom het nie, is korrek. Veel van hul bo die vyand meerderwaardige mobiliteit sou ingeboet gewees het indien hulle moes wag.

5 SA Infanteriebrigadegroep het, met een uitsondering, dwarsdeur die geveg goeie verbindings gehandhaaf. Die uitsondering was een van die pantserkarseksies — om die genoemde tegniese redes.

Anders as die vyand, het lt-kol Kirby en ander offisiere in die bevelsgroep, die dieptebeginsel toegepas en een eenheid, 1 SA Irish, as reserwe vir die aanval gehou. Hieruit is troepe getrek vir nie-operasionele take, soos die een kompanie van 1 SA Irish wat as voertuigwag diens gedoen het.

Ook uit die aanvalseenheid, 3 Transvaal Scottish, is een kompanie in reserwe gehou. Dié het ná die stormloop sy deel tot geveg gaan bydra.

Vuurkrag is gekonsentreer waar die vyand die hardste weerstand gebied het. Toe die Springbokartilleriestellings op die regterflank bedreig is, is 1 Lugafweerpeleton met hul Brenmasjiengewere soontoe gestuur om die flank te versterk. Hierdie sinvolle beslissings deur die Springbokbevelsgroep getuig van 'n oorhoofse insig in die eise van die gevegsituasie.

Die Springbokleierskap tree na vore in die wyse waarop die bevelvoerders van eenhede en subeenhede voor die geveg hul manne besoek het en hulle verwittig het van die voorbereidheid en moreel van die soldate. Die Suid-Afrikaanse bevelvoerders het ook aan hul ondergeskikte bevelvoerders aan die hand van grondmodelle aanmars- en vegposisies uiteengesit. Informasie is so deeglik moontlik na die laer range versprei. Terselfdertyd het verskeie Italiaanse offisiere die voorposte so vinnig as moontlik vir veiliger noordelike stellings verlaat.